

# Herfs



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Hierdie week gesels ons oor herfs. Ons gaan kyk na die volgende:


1. Wat verander in die natuur in herfs?
2. Watter klere dra ons?
3. Wat eet en drink ons?
4. Diere en hul gedragsveranderinge.

Eers gaan ons kyk wat jy van seisoene onthou.... ➞

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Seisoene

- Maatjie, kan jy nog al die seisoene onthou? Noem hulle op.
- Waarom het ons seisoene?
- Weet jy watter seisoen is dit nou?




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dag 1

# 20 April 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 1. Wat verander in die natuur?






- Die blare verkleur. Dit raak rooi, geel, oranje en bruin.



- Bladwisselende bome se blare moet gehark word.


'n Bladwisselende boom se blare val af wanneer dit koeler raak, soos in die herfs en winter.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Die temperatuur raak koeler.
  Dit is nie meer so warm soos in die somer nie.




- Die son sak vroeër in die aand, wat beteken dat dit nou bietjie vroeër donkerder is.
  Het jy al gesien dat die son nie meer so vroeg al skyn in die oggend nie? Dit is ook omdat die son eers bietjie later opkom.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ‘n Herfs gediggie

## Herfs

Dis ‘n koue windjie wat daar waai,
en die blaartjies fladder rond.
Hulle val daar bo van die hoogste boom,
tot onder op die grond.

Daar is blare geel en bruin en rooi,
kyk ek vang hulle in my hand.
Hul krul en draai as die wind hul skep,
mens sien net stof en sand.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Mooi so! Jy is 'n ster!!



Geniet die aktiwiteit!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dag 2

# 21 April 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Hersien vinnig werk van die vorige dag. Vra vrae soos:

- Kan jy nog onthou watter seisoen dit is?
- Watter seisoen is na herfs?
- Wat verander in die natuur in herfs?
- Wat is 'n bladwisselende boom?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ‘n Herfs gediggie

## Herfs

Dis ‘n koue windjie wat daar waai,
en die blaartjies fladder rond.
Hulle val daar bo van die hoogste boom,
tot onder op die grond.


Daar is blare geel en bruin en rooi,
kyk ek vang hulle in my hand.
Hul krul en draai as die wind hul skep,
mens sien net stof en sand.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 2. Watter klere dra ons?

- Langbroeke en hemde


- Baadjies en serpe






Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Stewels / tekkies











Laerskool Mikro Kopiereg ©



Dit is al vir die dag!

Maak seker jou herfsklere is in jou kas.

Lekker werk!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dag 3

# 22 April 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Hersien vinnig werk van die vorige dae. Vra vrae soos:

- Noem al die seisoene op.
- Watter seisoen is dit?
- Wat verander in die natuur?
- Watter klere dra ons in herfs?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# 3. Wat eet en drink ons?



Koffie en tee



Warm sjokolade



Sop



Warm kosse



Pannekoek



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Kan jy aan vrugte dink wat die kleur is van herfsblare?



**ONTHOU!!** Die kleure is **rooi, geel, oranje** en **bruin**











Laerskool Mikro Kopiereg ©

Maatjie, soos jy weet bly ons en baie ander mense by die huis oor die nare virus, maar daar is mense wat werk toe moet gaan, sodat ons lekker vrugte en groente het om ons gesond te hou in hierdie tyd. Kom ons kyk hoe kom appels van die boom tot in die winkel.





Indien die video sukkel – volg die skakel: https://www.youtube.com/watch?v=FflecYv24-E&t=55s

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kan jy aan groente dink wat die kleur is van herfsblare?













Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Van watter vrug hou jy die meeste?
- Watter vrug eet jy glad nie?
- Watter groente is vir jou die lekkerste?
- Van watter groente hou jy nie?
- Wie maak die lekkerste pampoenkoekies? Mamma of ouma? ☺






Laerskool Mikro Kopiereg ©

Vra vir mamma of pappa om vir julle lekker koffie, tee of warm sjokolade te maak en neem 'n breuk voor die volgende aktiwiteit! As jy regtig mooi werk en vra, bak mamma dalk net pannekoek ☺






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dag 4

# 23 April 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Hersien vinnig werk van die vorige dae. Vra vrae soos:

- Wat verander in die natuur?
- Watter klere dra ons in herfs?
- Watter kos eet ons?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# 4. Diere en hul gedragsveranderinge

- Troeteldiere pas aan by die weer verandering. Honde, katte, hase ens. se pels raak dikker.





- Eekhorings versamel neute en berg dit vir die winter.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Diere wat hiberneer:



Slakke

Hibernasie is die winterslaap wat sekere diere neem sodat hulle minder energie hoef te gebruik. Deur dit te doen, oorleef hulle die koue, want in die herfs en winter maande is die kos ook skaarser.



Skilpaaie



Slange



Erdwurms



Bere



Ystervarke

Laerskool Mikro Kopiereg ©

- Voëls wat migreer:



Die voëls vlieg in swerms (v-patroon) vir soms duisende kilometers na warmer areas. Die hoofrede is omdat daar meer en beter voedselbronne is.








Laerskool Mikro Kopiereg ©

Vandag het jy 2 groot woorde geleer
- hiberneer
- migreer

Onthou hulle mooi, want more doen ons dit weer.

Lekker legkaart bou!



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Dag 5

# 24 April 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Hersien al die werk wat gedoen is. Vra vrae soos:

- Wat verander in die natuur in herfs?
- Wat is ‘n bladwisselende boom?
- Watter klere dra ons?
- Watter kos eet ons?
- Hoe verander diere se gedrag?
- Wat beteken dit as diere hiberneer?
- Hoekom migreer voëls?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 'n Herfs gediggie



## Herfs

Dis 'n koue windjie wat daar waai,
en die blaartjies fladder rond.
Hulle val daar bo van die hoogste boom,
tot onder op die grond.

Daar is blare geel en bruin en rooi,
kyk ek vang hulle in my hand.
Hul krul en draai as die wind hul skep,
mens sien net stof en sand.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Luister, dans en sing saam!




Indien die video sukkel – volg die skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=CyJIfdA7lLc&list=PLom25ahKuXRAI5bIIOOWJ2t2rLZjNvD0j&index=7&t=0s

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Jy is super slim!!

Welgedaan!

Laerskool Mikro Kopiereg ©